NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 33
28 Augustus 2025

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Fyn gebrou – wat koffie ons van Christenskap leer

**Koffie het beslis 'n ereplek in ons kultuur verkry. Wanneer ons bietjie wil gesels, iets beplan of net 'n oomblik van vriendskap deel, sê ons:** *Kom ons kry mekaar vir 'n koffietjie.*

Koffie is nie gewoon meer net swart, met melk, bitter of soet nie. Dis 'n wêreld van keuses: van warm cappuccino tot koue yskoffie, van klassieke espresso tot kreatiewe, gegeurde latte.

Dalk kan ons iets uit 'n eenvoudige koppie koffie leer oor onsself, ons geloof, en ons roeping as Christene.

Net soos koffie in verskillende geure en sterktes kom, is dit ook die geval met ons. Ons is nie almal dieselfde nie – en dit is juis waar die skoonheid lê.

Watter soort koffie sou jy gewees het as jy 'n koppie koffie was? Belangriker nog: Watter aroma laat jy agter in die lewens van ander? Miskien is daar 'n paar opsies om oor te wonder.

**Flou koffie**
Flou koffie is waterig en het nie 'n vol, ryk geur nie. Sommige Christene bevind hulle hier – hul geloof is nog besig om te vorm. Gevolglik het hulle nog nie geleer om self diep te delf nie.

Die oplossing: Verdiep jou in God se Woord en maak sy Waarhede en beloftes jou eie.

**Bitter koffie**
Bitterheid is 'n smaak wat jy nie maklik uit jou mond kry nie. Dit kom van onverwerkte pyn, onvergewensgesindheid en teleurstelling. Baie Christene dra stilweg aan hul bitterheid. Hulle dien, glimlag, daag op – maar binne-in hulle is daar seer.

Die oplossing: Laat die Heilige Gees toe om iets nuuts te *brou*. Hebreërs 12:15 gee ons leiding: *Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie*.

**Smaaklose koffie**
Smaaklose koffie (*Ouwe-koffie*) is koffie wat te lank gestaan het. Dit het sy hitte, sy aroma, sy impak verloor. Sommige Christene stap al vir baie jare 'n pad met die Here, maar die vuur binne-in hulle het begin verflou. Daar is niks meer vars en nuut in hul geestelike lewe nie.

Die oplossing: Nooi die Heilige Gees om weer nuut binne-in jou te werk.

**Ds Janine Bevolo-Manders**
**(Witfontein)**

**Alle bydraes vir *Blitspos* moet vir tyd en wyl aan bladuitleg@nhk.co.za gestuur word. Mej Sanet du Plessis moet 'n operasie ondergaan en mev Francis Nel sal tydens mej Du Plessis se afwesigheid verantwoordelikheid vir *Blitspos* aanvaar.**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 September 2025, en word hartlik geluk gewens:**
    - Woensdag 27 Augustus: Prof JH (Johan) Koekemoer (emeritus)
    - Donderdag 28 Augustus: Ds GC (Gert) van Staden (emeritus)
    - Vrydag 29 Augustus: Ds J (Jan) van Immerzeel (emeritus)
    - Sondag 31 Augustus: Dr J (Juan) de Beer (Parys), en prop A (Annia) van Deventer (beroepafwagtend)
    - Maandag 1 September: Prof PJ (Pierre) Jordaan (emeritus/dosent), en ds WRT (Tertius) Hindley (emeritus)
    - Woensdag 3 September: Ds JM (Marthinus) van Staden (Klerksdorp-Doringkruin)

## Gemeentes en bediening



Dr Gert Malan

- **Dr GJ (Gert) Malan** (Mosselbaai (voltyds)) het 'n beroep na **Mosselbaai (deeltyds)** ontvang. Hy het die beroep aanvaar, aangesien hy einde September emeritaat aanvaar.

- **Ringe** word aangemoedig om vóór die AKV 'n spesiale geleentheid (desnoods by wyse van videokonferensie) vir **predikante en afgevaardigdes** te reël waar hulle die **agenda van die AKV kan bespreek**.

- **Gemeente Odendaalsrus** vier op **28 September 2025** hul 70-jaar herdenking onder die tema ***70 jaar van genade*** en nooi u hartlik uit om saam te kom deel in hierdie baie spesiale geleentheid. Die erediens begin om 10:30 by die kerkgebou in Boshoffstraat 30, Odendaalsrus, en word deur ds Cas du Plessis gelei, met nagmaal wat deur ds Anel Boshoff bedien word. 'n Skyfievertoning oor die gemeente se geskiedenis sal vertoon word, en daarna is daar 'n ligte ete en geleentheid om saam te kuier. Laat weet asseblief voor **14 September** hoeveel persone dit gaan bywoon.

- **Ds Errol Sheppard emeriteer** aan die einde van September 2025. Kollegas en vriende van ds Errol word hartlik uitgenooi om hierdie geleentheid saam met hom op **Sondag 28 September** om 10:30 te Gemeente Vanderbjlpark, h/v Goethe- en Langenhovenstraat, Vanderbijlpark te vier. Bevestig u teenwoordigheid **nie later as 19 September 2025** by ds Errol per e-pos by **es.ds.nhk@gmail.com** of 083 455 6922.

## Werksgeleentheid

- **VAKATURE: PERSOONLIKE ASSISTENT VIR DIE BEDRYFSHOOF**

**Sinodale Dienssentrum – Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)**
Die NHKA nooi geskikte en dinamiese kandidate uit om aansoek te doen vir die pos van **Professionele Assistent vir die Bedryfshoof** by die **Sinodale Dienssentrum** in East Lynne, Pretoria.

**Pligte en Verantwoordelikhede:**
- Professionele administratiewe ondersteuning aan die Bedryfshoof.
- Hantering van korrespondensie, afsprake en vergaderings.
- Versameling, verwerking en verspreiding van inligting en dokumentasie.
- Koördinering van interne en eksterne kommunikasie.
- Logistieke ondersteuning vir projekte en bestuursfunksies.
- Vertroulike hantering van inligting en sensitiewe sake.

**Vereistes:**

- ’n Geskikte kwalifikasie in administrasie, kantoorbestuur of ’n verwante veld.
- Ten minste drie jaar toepaslike werkservaring in ’n soortgelyke rol.
- Uitstekende rekenaarvaardighede (MS Office-pakket, e-pos, datahantering).
- Vaardigheid in Afrikaans en Engels (geskrewe en gesproke).
- Sterk organisatoriese en kommunikasievaardighede.
- Diskresie, lojaliteit en ’n professionele ingesteldheid.

**Aanstellingsvlak en vergoeding:**

- Markverwante salaris gebaseer op kwalifikasies en ervaring.
- Voltydse pos gebaseer by die Sinodale Dienssentrum in Pretoria.

**Aansoekprosedure:**
Stuur asseblief ’n volledige CV vergesel van ’n motiveringsbrief en ten minste twee kontakbare verwysings na: **johan@nhk.co.za** of **mannekrag@nhk.co.za**

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 31 Augustus 2025

Let wel: Slegs kandidate wat aan die vereistes voldoen, sal vir ’n onderhoud genader word. Die NHKA behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

## SP Engelbrecht-museum




- **Kom span uit op oom Fanie se Werf!**
  Op Saterdag **30 Augustus** van **08:00 tot 14:00** word die SP Engelbrecht-museum van die NHKA (h/v Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal) ’n egte plaaswerf vol kultuur, kuier en pret! Bak saam miershoopbrood. Geniet volkspele en ’n stoeivertoning. Luister na Albert Blake se praatjie oor Jopie Fourie. Daar is ou karre, ritte op ’n 1910-High Wheeler-kar, baie boerespeletjies, lekker kos én die kans om jou eie ossewaentjie te wen. Toegang is gratis. ’n Opsionele donasie aan die Museum en inkomstebehoeftige gemeentes in die Moot is welkom. Volg ons op ***Facebook*** en deel die uitnodiging! Oom Fanie nooi jou uit: *Kom kuier!*


## Vergaderings

- Donderdag 4 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 5 September: Kommissie van die AKV

## Kerklike en ander publikasies






- Die **nuutste uitgawe van *Die Saaier*** is beskikbaar. Dit bevat inspirerende stories oor hoe die Bybel lewens verander en individue aanspoor om die krag daarvan met ander te deel. Dit is ***hier*** beskikbaar.




## 'n Gedig

**Ons is die aarde**

Deur hierdie papier haal die boom nog asem
in die gebuigde heelal

Ek skryf vir ons 'n sonwyser

Ingebed of oopgesprei is ek die landskap binne my
– groen –
soms die palmryke subtrope, dikwels die basaltiese berge
waar lammergeiers woon en die sakaboelas ffrripffrrip
flap

asof daar meer as een Eden is

**René Bohnen**
https://versindaba.co.za/2022/04/23/rene-bohnen-ons-is-die-aarde/

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet:
  - 29 Augustus: Swartkop
  - 30 Augustus: Rustenburg-Suid<br>Ottosdal<br>Ventersdorp<br>Witfontein<br>Ons Tuis Riviera
  - 6 September: Meyerton-Suid<br>Montana-Oos
  - 24 September: Oos-Moot
  - 27 September: Strand<br>Klerksdorp-Wilkoppies
  - 25 Oktober: Kempton Park-Oos

- **Gemeente Swartkop**: Ons hou 'n SIRKUS-basaar op Vrydag 29 Augustus vanaf 14:00. Kom smul en geniet die volgende:
  - Pannekoek
  - Jaffels
  - Kerrie-en-rys
  - Hamburgers
  - Worsbroodjies
  - Tjips
  - Tuisnywerheid en teetuin
  - Biltong en wyn
  - Skaapbraai
  - Skaap- en varkpita's
  - *Craft*-bier en *gin*
  - Gemmerbier
  - Poeding.

  Groot kindertuin met springkastele, speletjies en tombola. 'n Steltloper en kulkunstenaar is ook op die program. Moenie hierdie feestelikheid en heerlike kos misloop nie. Jy kan ons by Irelandlaan 107, Eldoraigne, Centurion vind.

- **Ons Tuis Riviera** hou basaar! Kom kuier **30 Augustus** vanaf 09:00 tot 12:00 by ons te Soutpansbergweg 180. Kom deel in die verskeidenheid stalletjies en pret. Daar sal heerlike gebak, nagereg, pannekoek en kerrie-en-rys beskikbaar wees. Kom koop pragtige naaldwerkitems wat deur die inwoners gemaak is, en kom krap by die witolifanttafel waar daar 'n verskeidenheid boeke, klere en ander items beskikbaar sal wees. Hoop om elkeen daar te sien! Kontak ds Lilian Erasmus by 083 255 2082 vir navrae.

- **Gemeente Witfontein 22ste Delwersfees: 30 Augustus 2025 vanaf 07:30**
  Met R42 000 se kontant op die spel by die delwerye met kleims ter waarde van R22 000, R10 000 en R5 000 en 'n klomp kleiner pryse en hope vermaak en kos, hou Gemeente Witfontein haar 22ste Delwersfees. Delwersertifikate kan aanlyn gekoop word teen R25 elk by **www.nhkwitfontein.co.za** of by Suezette by 083 379 3398. Kom bederf jouself met 'n heerlike pelgrimsontbyt, boepensbroodjie, melkkos, of dalk iets van die koekfabriek of die poedingtafel. Alles wat 'n basaar 'n basaar maak, is hier om te geniet. Dit vind alles op die kerkterrein van NHK Witfontein, Stasiestraat 750, Pretoria Noord plaas.

  Die Witfonteintreintjie en die pretpark wat om die treinstasie verrys, is 'n groot trekpleister vir al ons kinders. Ons borg ook minderbevorregte kinders om vir ons tydens die fees te kom kuier en die dag saam met te geniet. Wil jy meer weet? Kyk gerus ***hier***.

- Dis weer daai tyd van die jaar! **Gemeente Ventersdorp** hou basaar saam met ons jaarlikse 4x4-dag.

    - Iets vir almal om te eet van soet tot sout, topgehalte vleis tot staatmaker pannekoek.
    - Stalletjies om van te kies en te keur.

  Ons sien jou daar! **30 Augustus 2025** by Trimpark Ventersdorp. Uitstallers is welkom.
  **Kontak vir Wessel** 082 961 0144 vir enige navrae.




- **Gemeente Montana-Oos** vier DV die naweek van 5-7 September 2025 haar **50ste bestaansjaar**. Oud-lidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die naweek saam met ons deur te bring. Die program vir die naweek is soos volg:
    - Vrydag 5 September: Vanaf 15:00: Spitbraaikuier vir die hele gesin/dans.
    - Saterdag 6 September: 08:00: Pretstap en basaar van 08:00-13:00. Heerlike eetgoed, uitstallers van verskeie produkte, geskenke en vermaak vir almal.
    - Sondag 7 September: 09:00: Feesdiens en nagmaal met lede van Hoërskool Montana se koor. Verversings na die diens.

  **Vir meer inligting**, kontak ds Frikkie van Wyk 083 625 6788 of die skriba Johan Emmenis 060 546 7438 of stuur 'n epos na **gfvanwyk@nhk.co.za**.

- **Gemeente Klerksdorp-Suid** hou 'n **Blesbokkompetisie** teen R50 per inskrywing.
    - Eerste prys: 20 kg wors & 20 kg maalvleis
    - Tweede prys: 10 kg Wors & 10 kg maalveis

  Die gelukkige trekking vind op **7 September 2025** plaas.
  **WhatsApp vir Trudie** (072 393 5187) vir enige navrae en aankoop van lootjies.




- Dit is amper weer tyd **vir Gemeente Makarios** se **jaarlikse gholfdag op 6 November 2025 by Kemptonpark se gholfbaan**. Kostes: R2 000 vir 'n vierbal of R500 per speler. **Borgskappe per gat** is beskikbaar teen R500 per gat. **Vir meer besonderhede of om te RSVP** kan die volgende persone gekontak word:
    - Carina Cronje 079 515 8596
    - Riaan Mong 082 337 3146
    - Ds Frikkie Viljoen 082 906 7774

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus** Hoedspruit se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van ’n heerlike haarpamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir 6 persone ter waarde van R16 000.

  Daar is twee maniere om deel te neem:
  - Koop direk by Susan la Grange.
  - Jy kan ook via WhatsApp jou kaartjie by 072 636 8001 bestel. Jy sal ’n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjienommer as verwysing.

  Bankbesoonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, Rekeningnommer 033358346, Takkode 052752.

  Die trekking vind op **30 November** plaas!

## Toerusting

- **JAARKURSUS IN PASTORALE SORG GEFOKUS OP ‘*DIE PASTOR IN KRISIS’***

  **Twaalf modules:**
  - ***Verwonde stryders*** *(emosionele, fisiese en geestelike uitdagings van voltydse geestelike werk)* (gebaseer op die boek *The wounded warrior* van dr Steve Stephens).
  - ***Motivering in die bediening*** (gebaseer op verskeie boeke deur Henri Nouwen met besondere klem op *The wounded healer*).
  - ***Wanneer godsdiens lei tot verwonding eerder as heling*** (verskeie bronne).
  - ***Stres en uitbranding*** (gebaseer op die boek van dr Frank Minirth en dr Paul Meier se boek *How to beat burnout*).
  - ***Geestelike en emosionele gesondheid van die Christen werker*** (gebaseer op dr Paul Meier en kollegas se boek *What they didn’t teach you in seminary*).
  - ***Emosionele paraatheid en kommunikasie vaardighede*** (gebaseer op boeke deur Henry Cloud, John Townsend, Steven Covy, Archibald Hart en Glen Schiraldi).
  - ***Trauma as ’n verwoester*** *– Pastorale perspektiewe* (verskeie bronne).
  - ***Pastorale perspektiewe rakende depressie*** (gebaseer op die model binne die Meier Klinieke en die boek *Happiness is a choice*, deur dr Paul Meier en dr Frank Minirth).
  - ***Genesing van emosionele pyn – Vol 2*** (met besondere verwysing na die boek van dr Paul Meier *Experiencing God outside the box*).
  - ***Pastorale evaluering van die holistiese model binne die Amen Klinieke*** (gebaseer op dr Daniel Amen se boek *The end of mental illness*).
  - ***Pa-wonde*** *– Pastorale riglyne* (verskeie bronne).
  - ***Die moeder se impak op toekomstige generasies*** (gebaseer op die boek van Henry Cloud en John Townsend *Our mothers, ourselves*).

  **Studente kwalifiseer vir** 55x VBO-punte (NG en Herv Kerk) asook vir 12x krediete in terme van verdere studie, asook vir 20x kredietpunte by CPSC (beradersvereniging). Studente kan in enige stadium van die jaar begin; daar is 12x handleidings, vier voorgeskrewe handboeke en vier verpligte werkopdragte.

  **Ná suksesvolle voltooiing** van hierdie kursus kan studente ook aansoek doen om lidmaatskap van die beradersvereniging en met ’n beradingspraktyk begin (*Council for Pastoral and Spiritual Counsellors*). Hierdie vereniging is geakkrediteer by SAQA en gevolglik dus ook erken deur die Regering.

  **Vir enige navrae** kontak prof Wentzel Coetzer
  E-pos: **wentzelc@gmail.com**
  Sel: 083 660 0409 (ook WhatsApp)

- ***WANNEER GODSDIENS LEI TOT VERWONDING EERDER AS HELING – PASTORALE PERSPEKTIEWE***
  **16 SEPTEMBER 2025 – *ZOOM*-AANBIEDING**
  **Prof Wentzel Coetzer**

  In hierdie kursus word daar gefokus op die oënskynlike paradoks van godsdiens wat ***enersyds*** binne sekere kontekste 'n helende en bevrydende rol kan vervul, veral wanneer dit op gebalanseerde en gesonde wyse beoefen word en waar die motief daaragter suiwer en opreg is; en ***andersyds*** die gevaarkant van godsdiens – met *gevaar* word in hierdie konteks dan bedoel dat daar dieperliggende onverwerkte emosionele pyn aanwesig mag wees wat uiteindelik as dryfveer kan dien tot ontvlugting in toksiese godsdienstige aktiwiteite. Die werklike pyn word nooit hanteer nie en deur middel van die stiptelike onderhouding van 'n magdom geestelike wette en reëls word daar eintlik net meer *pleisters* en *verbande* op 'n septiese wond geplaas. Die finale resultaat van so 'n proses kan dan godsdienstige verslawing en misbruik impliseer waar mense uiterlik gelukkig voorkom, maar innerlik met 'n magdom van onverwerkte emosionele pyn worstel. In die lewensverhale van geestelike leiers wat 'n bydraende rol vervul tot die geestelike verwonding en misbruik (*abuse*) van lidmate en volgelinge, is daar gewoonlik ook onverwerkte emosionele pyn en trauma wat dikwels reeds gedurende hul kinderjare 'n aanvang geneem het.

  Daar word ten slotte 'n aantal praktiese riglyne uitgespel vir die pastorale begeleiding van geestelik verwonde persone met die oog op heling en restourasie.

  **Kursus oop vir almal**
  **Datum:** Dinsdag 16 September 2025
  **Tyd:** 09.00 – 13.00
  **Akkreditering:** 5x VBO-punte – 5x CPSC-punte – 5x AFM PCD-punte
  **Koste:** R275 pp
  **Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)
  **Navrae:** 083 660 0409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
  **Volg die kursus op 'n later datum:**
  Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.
  **Om te bespreek vir die kursus:**
  Klik op die volgende skakel: **https://forms.gle/6siz8cPmMAHWUxmp7**

- Die **ProPsalm en ProProf-kongres** vind op **4 en 5 September** plaas. Dit is 'n OT-vakkongres en predikante wat dit bywoon, kan ook VBO-punte kry. Die program kan ***hier*** afgelaai word.

- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis van 1 700 jaar gelede. Die Hervormde Teologiese Kollege het 'n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om op hul eie manier Nicea te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is 'n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde advertensie in *Blitspos* dop om op hoogte te bly.



# Barmhartigheid

- Die **OTMT** is in die proses om die **Van Rensburg-tehuis in Danville** te verkoop en al die inwoners moet na Ons Tuis Riviera verhuis. Hulle benodig ’n vervoermaatskappy om die inwoners se besittings en die tehuis se meublement/toerusting gedurende **Augustus** te trek. U word vriendelik versoek om **Hannelie Fourie** by **hf@otmt.org** te kontak indien u weet van iemand wat hiermee behulpsaam kan wees aangesien die OTMT nie oor die fondse beskik om vir die diens te betaal nie.




- **Vrywillige uitbetalings – Augustus 2025:** Baie dankie aan elke NHSV-tak en gemeente vir u getroue ondersteuning en bydraes deur die jare heen. U gee nie net finansieel nie – u gee hoop, hulp en liefde. Elke bydrae dra werklik daartoe by om ’n verskil te maak in die lewens van bejaardes, studente en behoeftiges regoor ons land.

  Die uitbetalings wat in Augustus gedoen word, ondersteun vier belangrike fokusareas: Bejaardesorg by Ons Tuis en elders in die land, studielenings aan Hervormde studente, barmhartigheidswerk in ons gemeenskappe, en ons tydskrif *Die Christelike Vrou*.

  Ons vra dat elke NHSV-tak probeer om ’n derde van haar inkomste aan die Hoofbestuur oor te dra. Dit stel ons in staat om landswyd hulp te verleen waar daar tans soveel nood is. Die oorblywende twee derdes kan volgens die tak se eie oordeel aan plaaslike behoeftes en projekte bestee word.

  Neem asseblief kennis dat oorbetalings aan plaaslike instansies, soos tehuise vir bejaardes, direk vanaf die tak of gemeente aan daardie instansies oorbetaal moet word.

  Elektroniese betalings en bankdeposito’s is welkom – klik ***hier*** vir die NHSV se betaalstaat. Stuur asseblief die ingevulde betaalstaat én bewys van betaling aan **finansies@nhsv.org.za**.

  Met opregte dank vir elke oop hand en warm hart. Laat ons sáám die lig wees in 2025.

- Kom stap saam met ***Sestig-sestig-loop-vir-’n-kind***. Hierdie fondsinsameling vir die DPS-huise van van Montana en Ninapark vin op **24 September** by Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees plaas. Die doel is om **60 km te stap en R60 000** in te samel. Spanne van ses kan inskryf of finansiële donasies kan gemaak word. U bydrae om by R 60 000 uit te kom, kan inbetaal word by:

  Plesion NPC
  Bank: Nedbank
  Rekeningnommer: 1127321897
  Verwysing: Walk for Child

  Kontak **info@plesion.org.za** vir meer inligting.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in itsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **taal@nhk.co.za**.



## Gebed vir die week

Liewe Heer,

Vandag kyk ek op na die berge  
en wonder waar my hulp vandaan sal kom.  
Ek weet my hulp sal van U afkomstig wees.  
U sal my elke oomblik van my lewe beskerm.  
U is nie net daar in die goeie tye nie,  
maar ook in die slegte tye.  
Dankie dat ek die voorreg het om U my God, my Vader, te noem.

Amen.


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |
| Joernalis: | Ds Iwana Hartmann |